Droë Naald Terapie Inligtingstuk

U fisioterapeut het voorgestel dat u met 'n tegniek genaamd "Droë naald terapie" behandel moet word. Hierdie inligtingstuk verduidelik meer oor hierdie tegniek.

Droë naald terapie is 'n baie suksesvolle behandeling wat toegepas word met besondere dun naalde en *sonder* enige medikasie. Droë naalde word gebruik om pyn en disfunksie a.g.v. spier probleem, sinusitis, hoofpyne en sekere senuwee probleme mee te behandel. Dit is glad nie dieselfde as akupunktuur nie. Akupunktuur vorm deel van traditionele Chinese geneeskunde, terwyl droë naald terapie 'n Westerse tegniek is, gepaardgaande met 'n mediese diagnose. Daar is 'n duidelike wetenskaplike bewys vir droë naald terapie.

Droë naalde werk deur die wyse waarop u liggaam pyn ervaar (neurologies) te verander, en deur die liggaam te help om hardnekkige spierspasma geassosieer met sneller punte te genees. Daar is ook addisionele elektriese en chemiese veranderinge wat geassosieer word met genesing. Dit is belangrik dat naalde slegs gesien word as 'n *deel* van u behandeling. Droë naalde is nie 'n wonderkuur nie – dit vorm 'n normale deel van fisioterapeutiese behandeling. Dit is van uiterste belang dat u die oefeninge doen en die advies sal volg wat u fisioterapeut vir u gee, om optimale genesing te bevorder.

U fisioterapeut is opgelei in spesifieke naald terapie tegnieke. Die terapeut sal die korrekte lengte en digte naald selekteer vir u kondisie en liggaams grootte, en dit dan deur die vel in die toepaslike area plaas. U sal 'n effense prikkie voel. Afhangend van die tegniek wat deur u terapeut gekies is, mag u dalk ongemak of spierpyn ervaar. Dit is heeltemal normal, en dui daarop dat u goeie verligting van u symptome sal kry.

Die tegniek moet deur 'n opgeleide fisioterapuet gedoen word. Ten spyte daarvan is daar minimale risikos aan die tegniek verbonde. Daar mag moontlike kneusing voorkom waar die naald gebruik is, soos met 'n gewone inspuiting. In uitsonderlike gevalle, kan u moontlik opgewondenheid, huilerigheid, sweeterigheid of koue ervaar. 'n Klein hoeveelheid mense kan duiseligheid ervaar. Daar is geen blywende nagevolge van die newe effekte nie.

Indien u vir 'n skouer, bors of nek probleem behandel word, is daar 'n addisionele risiko vir die longe. Indien die long geprik word kan u moontlik 'n toestand genaamd pneumotoraks (lug in die longspasie) ontwikkel. Dit is 'n raar maar ernstige probleem en indien dit wel gebeur moet u kalm bly en dadelik by u naaste hospital se ongevalle aanmeld. Die simptome sluit in benoudheid wat geleidelik vererger, skielike skerp pyn wanneer u inasem, en soms blou lippe. Behandeling is egter baie suksesvol by so 'n moontlike komplikasie. Dit is ook belangrik om u fisioterapeut onmiddellik in te lig van die komplikasie sodra dit vir u of die familie moontlik is.

Indien u bereid is om voort te gaan met die aanbevole behandeling en alle vrae beantwoord is soos deur u versoek, teken asseblief die aangehegte toestemmingsvorm en oorhandig dit aan u fisioterapeut.

Bewaar asseblief hierdie inligtingstuk vir u eie rekord doeleindes.[1]

[1] BBB November 2016

Toestemming vir Droë Naald Terapie

Hierdie toestemmingsvorm moet saam met die aangehegte inligtingstuk "Droë Naald Terapie" gelees word.

1. Ek……(volle naam),
   In my kapasiteit as:

   ☐ Die pasiënt (indien 12 of ouer),
   of
   ☐ Die ouer of wettige voog van

   ……(patiënt se volle naam)
   My: Kind Kleinkind pleegkind stiefkind (merk van toepassing)
   Gee hiermee toestemming vir die bogenoemde behandeling deur die fisioterapeut……
   by die fisioterapie praktyk ……
2. Hierdie toestemming is slegs van toepassing ten opsigte van huidige behandelings;
3. Ek verstaan dat ek ter enige tyd hierdie toestemming mag onttrek;
4. Ek verstaan verder dat nadat ek my toestemming mondelings onttrek het ek ook verantwoordelik sal wees om die terapeut skriftelik in kennis te stel;
5. Ek verstaan dat die fisioterapeut ten volle gekwalifiseer en opgelei is om die nodige behandeling toe te pas.
6. Ek gee toestemming dat die volgende area/s met naald terapie behandel word:
   ……
   ……
7. Ek is tevrede dat die tegniek ten volle aan my verduidelik is en dat al my vrae aangaande die behandeling beantwoord is en moontlike komplikasies aan my verduidelik is. Ek het die meegaande inligtingstuk "Droë Naald Terapie" gelees en ek verstaan al die risikos, newe effekte en beperkings met betrekking tot die behandeling.
8. Ek verstaan dat hierdie tegniek toegepas word as deel van 'n rehabilitasie program en dat ek alle instruksies van die fisioterapeut sal volg.
9. Ek vrywaar hiermee die fisioterapeut en die fisioterapie praktyk van enige aanspreeklikheid in die geval van onvoorsiene/ onbekende gevolge rakend die behandeling.

Geteken te…….. op ……20……AD

……	**……**
Pasiënt	**Ouer/ voog/ gemagtigte persoon**
……	**……**
Getuie #1	**Getuie #2**[2]

[2] September 2016

Kansellasie van toestemming vir Droë Naald Terapie

1. Ek……(volle naam),
   In my kapasiteit as:

   ☐ Die pasiënt (indien 12 of ouer),

   of

   ☐ Die ouer of wettige voog van

   ……(patiënt se volle naam)

   My: Kind Kleinkind pleegkind stiefkind (merk van toepassing)

Bevestig hiermee dat ek my toestemming vir die droeë naald terapie behandeling onttrek.

Die toestemming is oorspronklik aan die fisioterapeut ……

gegee te die praktyk van

……

Geteken te…….. op ……20……AD

…… **……**

Pasiënt **Ouer/ voog/ gemagtigte persoon**

…… **……**

Getuie #1 **Getuie #2**[3]

[3] September 2016